# God se Barmhartige Toorn

God se Liefde en Sy Toorn
Kan Vereenselwig Word

Graham Maxwell
Morris D. Lewis
F.T. Wright
Gary Hullquist





"Selfs ‘n groot sprinkaanvoël
aan die hemel ken sy bepaalde tye…;
maar my volk ken die reg van die HERE nie.."
Jeremia 8:7

Die hele Christelike wêreld bring die lering dat God die sondaars sal duld tot op ‘n punt. Dan raak Sy geduld op en Hy word kwaad en laat Sy toorn losbrand op hulle. Wat ‘n jammerte. Die waarheid is dat God nooit die sondaar minder liefhet nie. Nooit nie.

Ons verstaan nie die oordele van die Here nie. Paulus het tot die slotsom gekom, “o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!”[1] “Kan jy die dieptes van God peil?” het Job gevra.[2] Jesaja het opgemerk dat God se gedagtes nie ons gedagtes is nie, en ons weë nie God se weë is nie.[3]

God se manier om die dwalende, opstandige verwerpers van Sy wet te hanteer, word die beste deur die kruis van Jesus gedemonstreer. Daar word Jesus gesien as ons *versoening* vir sondes.[4]

## Wat is Versoening?

Versoening is ’n groot woord. Dieselfde woord word gebruik om die *versoendeksel* te beskryf – daardie soliede goue bedekking op die verbondsark. Jesus is die Versoendeksel wat die Tien Gebooie beskerm en waarop die bloed van die offers vir versoening gesprinkel is. Die Versoendeksel bring vir ons versoening. Aan die een kant is die wet, en aan die ander kant is die bloed.



## Storietyd: Koning Dawid

Daar was eens ‘n koning van Israel met die naam Dawid. Hy het in groot moeilikheid beland oor die vrou van een van sy sodate. Om dinge te probeer toesmeer, het hy haar man gerieflikheidshalwe laat doodmaak tydens ’n geveg. Ongelukkig het Batseba se oupa, Agitofel (waarskynlik die mees invloedryke en briljantste persoon in die hele Israel), een van Dawid se bitterste vyande geword. Hy het selfs sy sluipmoord beplan.

Nogtans het Dawid, toe die profeet Natan hom met sy groot sonde konfronteer, in bittere berou homself skuldig verklaar; strafbaar met die dood. Toe sê Natan, “So het die Here dan ook u sonde vergewe.” God sou ‘n versoening voorsien.

### Slaan hom deur die gesig, gee hom 'n bloedneus, ruk sy baard uit

Dawid se bitterste vyand wou hom met die vuis in die gesig slaan, ’n bloedneus gee, sy baard uittrek, op hom spoeg, hom slaan… maar God se Versoening, sy Versoendeksel, staan tussenbeide om sy versoening te wees en *Hyself* neem die volle krag van die houe. Jesus het ten einde laaste *wel* die straf gedra. Daar aan die kruis het Hy ook die houe geneem wat op ons gerig was.

Elke straf wat ooit gely is, is eers deur Christus self gely, net soos elke goeie daad wat enigiemand ooit gedoen het, van Hom af kom. Die oordeel van God is om die straf vir ons te dra, ‘n vervloeking vir ons te word, vir ons veroordeel te word, in ons plek vermoor te word, om ons te verdedig, om ons te beskerm teen seerkry. “Hy het Hom… sonde…vir ons gemaak”[5]. “Hy [het] óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte…gedra ... is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede… verbrysel” Jes 53:4,5. Indien ons weier dat Hy dit neem, staan Hy onwillig opsy en laat ons toe om dit self te neem.

Daar word geen beter beskrywing van God se Barmhartige Toorn gegee as die kommentaar op twee van Dawid se seuns nie. Amnon het sy suster verkrag en Absalom het weerwraak geneem deur hom te laat vermoor.

“Dawid het sy verantwoordelikheid om Amnon te bestraf, nagelaat. As gevolg van hierdie nalatigheid van die Koning en vader, asook die onboetvaardigheid van die seun, het die Here die *natuurlike gevolge toegelaat* en *Absalom nie bedwing nie*. Indien ouers of heersers nalaat om sonde te bestraf, sal God intree. *Sy beskermende hand* sal tot ‘n

mate *terugstaan* om bose agente toegang te gee, sodat *sonde met sonde bestraf word*."[6]

C.S. Lewis het gesê dat daar aan die einde van hierdie wêreld slegs twee groepe mense sal wees. Diegene wat sê, "Laat U wil geskied," en diegene vir wie God sal sê, "Laat u wil geskied." Dit is God se Barmhartige Toorn – om die sondaar sy eie weg te laat begaan.

## Storietyd: Die Verlore Seun

Jesus het hierdie wonderlike waarheid omtrent Sy vader probeer illustreer deur die verhaal van twee broers te vertel. Ouboet was 'n harde werker. Klein Jan het pret verkies. Pa het oud geword en binnekort sou albei die seuns die familiefortuin erf.[7]

Ongelukkig kon die sosiale, pretliewende Junior nie wag nie. Op 'n dag sê hy sommer reguit vir sy vader dat hy wens hy was reeds oorlede. "Gee my nou my erfenis, sodat ek die pad kan vat en my lewe kan geniet." Pa was geweldig seergemaak. Nogtans het hy sy seun ten spyte van sy dwaasheid liefgehad en nadat hulle afskeid geneem het, het pa hartseer toegekyk hoe sy seun wegstap.

Die seun het na die groot stad gegaan, baie pret en mooiweersvriende gekoop en lekker geleef, totdat die geld opgeraak het. Slegte tye het aangebreek. Hy kon nie werk kry nie. Uiterste omstandighede het hom genoop om op puinhope rond te krap. So besluit hy om terug huistoe te gaan. Hy sou as huurling werk en miskien, net miskien, sou hy eendag genoeg kon spaar om sy vader terug te betaal.

Toe hy nader aan die huis kom, besef hy dat sy vader die helfte van die familiebates weens hom gelikwideer het. Die beperkte begroting sou vereis het dat Pa sy aftrede moes uitstel en sy ouer broer moes help om die boerdery te bestuur. Die verbysterende skuldgevoelens, dat dit alles uit sy eie selfsug spruit, het hom amper weerhou om voort te gaan.

## Junior kan sy ore nie glo nie



Hy was is op die punt om kop uit te trek en om te draai, toe hy 'n ou man na hom sien hardloop, met ope arms wat roep: "My seun, my seun! Ek het gedink jy is dood, maar nou het jy lewendig na my

teruggekeer. Dit is so wonderlik om jou weer tuis te hê!”

Junior kon sy ore nie glo nie. Die vader neem hom die huis binne deur ‘n sydeur sodat niemand sy skande sien nie. Hy kry sy beste pak klere uit. “Geen seun van my sal beskaamd staan deur tuis te kom terwyl hy soos ‘n boemelaar lyk nie.” Tussendeur vertel die vader hom van al die briewe wat hy geskryf het waarin hy smeek dat hy moet terugkeer. Jan-Tuiskom kry nooit 'n kans om sy aanbod te maak om 'n huurling te word nie. Inteendeel, die pa bel al die familielede en bure en nooi hulle uit na 'n groot herenigingsfees vir sy seun! Wat ‘n storie! Die Verlore Vader – roekeloos met sy liefde en vergifnis.

## Ouer Broer

Dit is egter nie die einde van die storie nie. Die ouer broer hoor van die gedoente wat bo by die huis gehou word en vind uit dat dit sy jonger boetie is wat tuisgekom het en dat die makietie tot ere van hom is! “WAG ’n BIETJIE!” sê hy vir pa, “Ek het al die jare hier by die huis gebly en my kwas afgewerk om hierdie plek ’n sukses te maak, en niemand het ooit so ’n vreugdevolle geleentheid vir *my* gereël nie! Maar hierdie seun van u beledig u, doen u naam oneer aan, neem die helfte van u besittings, blaas dit op vrouens, wyn en musiek. Daarna het hy die vermetelheid om hierheen terug te kom en *u* verwelkom hom met ope arms! Dit is verregaande! Nee! Ek gaan nie binnekom nie! Ek het nie tyd om op hom te verkwis nie! Julle twee maak my so kwaad dat ek kan vuur spoeg!”

Hoekom het Jesus nie net Sy verhaal voltooi met die gelukkige hereniging van ’n verlore seun wat huistoe gekom het nie? Hoekom moes Hy van die ouer broer se reaksie vertel? Hy wou ’n paar baie belangrike punte tuisbring:

1. God dwing ons nooit om Hom lief te hê nie; Hy laat ons toe om ons eie keuse te maak.
2. As ons Vader is Hy jaloers op ons reputasie en beskerm Hy ons teen verleentheid.
3. God verwerp ons nooit, selfs al verwerp ons Hom.
4. Selfs dan pleit Hy by ons. Die ouer broer “het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en *smeek* hom.”

Een seun het ’n koue ontvangs verwag, en was verras met ’n hartlike verwelkomingspartytjie; die ander seun het vaderlike wraak verwag en was teleurgestel om vaderlike vergifnis te sien.

## Ouer Broers

Die Bybel is vol ouer broers. Kain het geweier om God se weg te volg en het sy jonger broer gehaat omdat hy dit gedoen het. Josef se ouer broers het saamgesweer om hom te vermoor. Esau het Jakob gehaat en was van plan om met sy weermag teen hom op te trek. Elke ouer broer het die goedheid in sy jonger broer geminag en elkeen het die uitnodiging van God om daardie goedheid in hul eie lewens te aanvaar, verwerp.

Jesus pleit byvoorbeeld by die ouer broers van die Joodse nasie om Hom toe te laat om hulle onder sy vleuels te versamel soos ʼn moederhen haar kuikens bymekaarmaak, "maar julle wou nie. " "Wat het die Jode vernietig?... Dit was die goedheid van God wat hulle verag het, die geregtigheid wat hulle versmaai het, en die genade wat hulle verwerp het."[8]

God het nooit die Joodse nasie verwerp nie; hulle het Hom verwerp. Paulus het gesê dat hulle die woord van God verwerp het en hulself die ewige lewe nie waardig geag het nie, daarom het hy hom gewend tot die heidene.[9] Sal God ooit op die plek kom waar Hy enigiemand finaal verwerp? Nee. Wanneer ons praat van die genadedeur wat sluit, dan praat ons van 'n besluit wat onsself neem, nie een wat God neem nie.

> Sedert die begin van die groot stryd was dit Satan se weldeurdagde doel om engele en mense te oorreed dat God hulle geloof en liefde nie waardig is nie. Hy het die Skepper voorgestel as ʼn harde, veeleisende tiran wat arbitrêre vereistes aan Sy mense stel, om Sy gesag ten toon te stel en hul gehoorsaamheid te toets. Dit was dieselfde verdraaiing van die Goeie Nuus (oor die liefdevolle karakter van God) wat Jesus die nouste geraak het. Hy was saggeaard teenoor die ergste sondaars. Nogtans spreek Hy hierdie aaklige woorde teenoor die godsdienstige leiers wat Satan se leuens oor God herhaal het, "Julle het die duiwel as vader."
>
> Daar was nooit ʼn meningsverskil tussen Jesus en daardie leiers omtrent watter dag die Sabbat was, of oor die bestaan van God, of die Skeppingsverhaal nie. Hulle meningsverskil was oor die karakter van God. Jesus het aan hulle ʼn beeld van God geskilder wat hulle in staat sou stel om baie van dieselfde dinge te doen, maar om ʼn heel ander rede – maar hulle het Hom doodgemaak, eerder as om hulle siening van God te verander.[10]



Waar het hul siening vandaan gekom? “Die Satan, die bewerker van alle sonde en al die gevolge daarvan, het die mense daartoe gebring om siekte en die dood te beskou as dinge wat van God kom, as arbitrêre straf op die sonde... So is die weg gebaan vir die Jode om Christus te verwerp.”[11] Hoekom? Toe Jesus aan die kruis gehang het, was dit tog duidelik: dit was onbetwiste bewys dat Hy ’n groot sondaar was. Niemand ly *so* tensy hy uiters *sondig* is nie! Die Seun van God? Onmoontlik.

## Storietyd: Judas

Lucifer se gedagtegang kan in die lewe van Judas gesien word. Judas was ambisieus. Hy het die gebrek aan ambisie in die lewe van Jesus as ’n skande beskou. Dus het hy met ’n plan vorendag gekom om Hom in ’n posisie te *forseer* om op te tree soos ’n Messias. Judas sou as ’n held vereer word en al die eer vir die briljante strategie kry. Indien Jesus nie saamwerk nie, was Hy in elk geval nie die Messias nie. Hoe dit ook al sy, Judas sou 30 silwerstukke ryker wees. Hy kon nie verloor nie.

Ongelukkig het Judas nie die denke van Jesus verstaan nie. Nadat Jesus Homself ontledig en die gestalte van ’n dienskneg aangeneem het,[12] was selfs Lucifer verbaas. Nie een van hulle het ooit so ’n stap van God verwag nie. Dit was nie deel van Satan se denke nie; dit was vir hom vreemd en afstootlik. Hy kon hom nie voorstel dat die Seun van God Homself sou verneder nie. Dit het nooit in sy selfsugtige gedagtes opgekom dat God deur ’n nederlaag kon oorwin nie; dat Hy deur die dood aan biljoene lewe kan bring. Vir Lucifer was dit nie net dwaas nie, dit was kranksinnig. Hy het in gedagte gehad dat God hom in die hande wou kry net soos wat hy God in die hande wou kry, maar hy was verkeerd.

> “Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog... Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.”[13]

God se weë is nie ons weë nie (Jes 55:8);
Hy dink nie soos ons dink nie.

## Die Voorkoms van Liefde

Terwyl Judas toegekyk het hoe Jesus Homself aan beledigings en mishandeling onderwerp, was hy eers senuagtig, daarna het hy skuldig en uiteindelik desperaat geraak. Sy erkenning van onskuld, sy belydenis van verraad is deur die priesters met minagting ontvang, maar deur die Verlosser met ’n bedroefde blik van jammerte. Dieselfde blik wat Pertrus tot ’n hartverskeurende bekering gely het, het Judas tot selfmoord gedryf. So behandel God ook almal, die verlostes en verlorenes, presies dieselfde.



### Die God van Beskerming

God se Barmhartige Toorn word ook geopenbaar in die barmhartige beskerming wat Hy aan Sy kwesbare skepping verleen. Die God van die Ou Testament is ’n God van beskerming. Hy het Moses opdrag gegee dat elke huishouding ’n lam moes slag en dat die bloed aan die ingang aangebring moes word, want “die HERE [sal] by die deur verbygaan en die *verderwer* nie toelaat om in julle huise in te gaan ... nie.” Ex.12:23. “Die teken van die bloed – die teken van ’n Heiland se beskerming – was aan hulle deure, en die *verderwer* het nie ingegaan nie.”[14]

### Die Verderwer

In Numeri 21:6 staan daar dat “die HERE giftige slange onder die volk [gestuur het].” Tog word ons ook meegedeel dat die slange die hele tyd daar was.[15] Toe Israel gemurmureer het en die getuienis van God se teenwoordigheid verwerp het, moes Hy Sy beskermende hand onttrek en is hulle blootgestel aan die natuurlike gevare van die woestyn. So het Paulus gewaarsku om nie te “murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die *verderwer* omgekom.”[16] Ons lees dat engele baiemaal “die *Verderwer* se voorneme gedwarsboom [het] en die slag van die Vernietiger afgewend [het].”[17]

> Dit is die weerhoudende krag van God wat die mensdom bewaar dat hulle nie heeltemal onder die mag van Satan kom nie.... Maar wanneer die mens die perke van goddelike verdraagsaamheid oorskry, word Sy weerhoudende krag teruggetrek.... elke oortreding van die wet van God, is saad wat gesaai is en wat gewis 'n oes sal oplewer. Die Gees van God, steeds weerstaan, word eindelik aan die sondaar onttrek, en dan is daar geen mag om die bose drifte van die siel in bedwang te hou, en daar is geen beskerming teen die kwaadwilligheid en vyandigheid van Satan nie.[18]

Wraak is "nie die arbitrêre gebruik van mag aan die kant van God nie. Die verwerpers van Sy genade oes wat hulle gesaai het."

> God is die bron van die lewe, en wanneer 'n persoon die sonde kies, skei hy homself van God af, en so sny hy homself af van die lewe... God laat hulle vir 'n tyd lewe, sodat hulle hulle karakter kan ontwikkel en hulle beginsels kan openbaar. Daarna oes hulle die gevolge van hulle eie keuse.[19]

Aangesien God ons teen die Verderwer beskerm, indien ons Hom toelaat, eer Hy ook ons keuse om nie daardie beskerming te aanvaar nie, waarna Hy Sy hand van beskerming onttrek. Paulus skryf, "Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid."[20]

> "God staan nie teenoor die sondaar as laksman om die vonnis op sy oortreding te voltrek nie; maar *Hy laat* die verwerpers van Sy genade aan *hulleself oor,* om in te oes wat hulle gesaai het."[21] "Solank as hulle Sy wet gehoorsaam het, kon geen mag op aarde of in die hel teen hulle seëvier nie... Toe hulle Gods gebooie oortree het, het hulle *hulleself afgeskei van Hom,* en toe was hulle alleen gelaat om die mag van die *verwoester* te voel."[22]



## Storietyd: Mirjam se Melaatsheid

Toe Mirjam en Aäron teen Moses gespreek het, het "die toorn van die HERE teen hulle ontvlam, en Hy *het weggegaan*. En toe die wolk van die tent af *weggetrek* het, kyk, toe was Mirjam melaats."[23]

God se weë verskil werklik van ons s'n. Wanneer ons woede teen iemand opvlam, benader ons hom, ons val aan, en ons vernietig!

In teenstelling daarmee beweeg God *weg*. Hy draai weg.

## Ons val aan...
## God onttrek.

Aan die kruis het God persoonlik gewys hoe Hy sonde uiteindelik sal hanteer. "... die kruis verklaar alle ander verborgenhede."

> "In die lig wat straal van Golgota is die eienskappe van God wat ons eers met vrees en bewing vervul het nou heerlik en aantreklik. ... ons sien Sy karakter in al Sy heerlike openbarings, en ons besef soos nooit tevore nie, die betekenis van daardie dierbare naam, 'Onse Vader.' "[24]

### 'n Ander Soort Dood

Aan die kruis het Jesus die sondaar se plek ingeneem en God het Hom hanteer presies soos Hy elke sondaar wat ooit geleef het, sal hanteer. Daar het ons Verlosser die finale dood van volkome skeiding van God gesterf: die *tweede dood*.[25] Jesus het die posisie ingeneem van die sondaar wat niks van God wil weet nie en wat eis dat Hy hom moet uitlos.

Ongelukkig onttrek God, en daarmee saam Sy onderhoudende, lewegewende, beskermende krag. Niks kan hom nou red van die verskriklike mag van sonde wanneer dit lewenskragte uitwis nie.

> Dit was nie liggaamlike lyding wat die lewe van Christus so gou aan die kruis beëindig het nie. Dit was die verpletterende gewig van die sonde van die wêreld en 'n gevoel van Sy Vader se toorn. Die Vader se heerlikheid en Sy teenwoordigheid wat Hom onderhou, het Hom verlaat.[26]
>
> Die goddelike lig van God het vanuit Sy sig verdwyn, en Hy het oorgegaan na die mag van die duisternis... Die toorn wat op die mens sou val, was nou op Christus.[27]
>
> Hy het gevoel dat Hy deur die sonde van Sy Vader geskei word... As mens moes Hy die gevolge van die mens se sonde dra. As mens moes Hy die toorn van God verduur.[28]



Geen wonder dat Jesus uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U my verlaat?'[29] Waarom het U my prysgegee? Waarom het U my laat gaan?

Christus het nie gesterf aan die hand van 'n God teen Wie 'n misstap begaan is nie. Die Vader het nie Sy Seun doodgemaak nie. Jesus het nie gesê, 'My God, waarom stel U my tereg?' nie. Ons het miskien daardie indruk gekry. Die Bybel sê per slot van rekening "dit het die HERE *behaag* om Hom te verbrysel."[30]

Let op, die Bybel praat dikwels van God wat dinge doen, terwyl Hy dit slegs toelaat.[31] Aangesien God soewerein is oor die gebeure in die ganse heelal, aanvaar Hy ook volle verantwoordelikheid vir wat daarin plaasvind. "Maar óns het Hom *gehou* vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was." Ons *het gedink* dat God Hom geslaan en verdruk het, maar, in werklikheid, is "Hy ter wille van *ons* oortredinge deurboor, ter wille van *ons* ongeregtighede is Hy verbrysel."

In 1 Kronieke 10:13,14 lees ons dat koning Saul "gesterwe het weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het... Daarom het Hy hom omgebring." Dan word ons ook ingelig in 1 Samuel 31:4 dat hy selfmoord gepleeg het, iets wat hy self gedoen het.

'n Ander voorbeeld word in 2 Samuel 24 gevind, waar ons vertel word dat "die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel." 1 Kronieke 21 sê egter, "Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel."

## Die Groot Vyand:
**verderwer, aanklaer, bedrieër, leuenaar, moordenaar...**

Satan is wetties. Hy veg aanhoudend, elke keer wanneer hy kans kry, vir sy wettige reg om ons te vernietig. "Satan is die grootste vyand van God en die mens... In die Skrif word hy die verderwer genoem, asook 'n aanklaer van die broeders, 'n bedrieër, 'n leuenaar, 'n pyniger en 'n moordenaar."[32]

"Die Satan het Jakob by die engele van God aangekla en aanspraak gemaak op die reg om hom weens sy sonde *dood te maak.*"[33] Nogtans het Jesus slegs aan sy heup geraak. Satan het Job voor die seuns van God aangekla en het *huid vir huid* geëis; hy het die reg voorgehou om Moses in die graf te hou; hy het Josua, die hoërpriester, terwyl hy voor die altaar staan, aangekla.

Satan wou Ninevé vernietig, maar God het 'n prediker gestuur om hulle te waarsku. Satan het Jona probeer vernietig deur die skip te probeer sink, maar God het 'n groot vis gestuur om sy lewe te red. Ná al hierdie gebeure het Jona *steeds* nie die karakter van God verstaan nie.



## Dis die Verkeerde Gees, Ouens

Jakobus en Johannes wou die Samaritane met vuur vernietig "en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het. Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: 'Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red.' "[34]

Die dissipels se konsep van God was Een wat vernietigende vuur sou gebruik vir vergelding en wraak. Vir hulle was God nie Een wat 'n wrok teen iemand hou nie – Hy *vergeld*! Daarenteen dui Jesus aan dat Hy glad nie so is nie.

Wie het dan die 'vuur van die hemel' in die dae van Job gestuur toe dit "gebrand [het] onder die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle verteer"?[35] Wat van die vuur wat Sodom en Gomorra vernietig het? Wat van die vuur wat al die soldate, wat Elia kom arresteer het, veras het?[36]

Toe Elia na die Berg Horeb gevlug het, was hy getuie van 'n vernietigende wind, 'n verwoestende aardbewing en 'n verterende vuur, maar die Here was nie in die wind of die aardbewing of die vuur nie.[37]

## Wie is dit?

Dit is uiters belangrik om te identifiseer wie ons glo die Verderwer is. Die tyd is reeds daar wanneer die laaste paar ure van die aarde se geskiedenis aanbreek en die wêreld allerhande plae van siekte, kwale, besoedeling, geweld, aardbewings, tsoenamis, kosmiese gevolge, superstorms, katastrofes en dood sal beleef. Hoe sal *ons* reageer wanneer daardie tyd aanbreek? Sal ons saam met die res van die wêreld tot die beslissing kom dat dit die werk van 'n vertoornde God is?

> Wanneer die engel van genade haar vlerke vou en onttrek, sal Satan die bose werke doen wat hy lankal wou gedoen het. Storms en orkane, oorlog en bloedvergieting – in hierdie dinge het hy 'n behae... Die mense sal totaal deur hom mislei word, sodat hulle sal verklaar dat hierdie rampe die gevolg is van die ontheiliging van die eerste dag van die week... Hulle word deur die vyand gelei en daarom kom hulle tot gevolgtrekkings wat heeltemal verkeerd is.[38]

> Dit is God wat Sy skepsels beskerm, en hulle beskut teen die mag van die verwoester. Maar die Christenwêreld het sy minagting van die wet van Jehova getoon; en die Here sal doen presies wat Hy verklaar het dat Hy sal doen. [Sal Hy hulle 'n oorveeg gee? Nee.] Hy sal Sy seëninge aan die aarde onttrek, en Sy beskerming ontneem aan diegene wat in opstand is teen Sy wet... Satan beheers almal wat nie

> spesiaal deur God beskerm is nie. …[dan] sal hy [Satan] moeilikhede laat kom om hulle te lei om te glo dat dit God is wat hulle teister.[39]

Dit is Satan wat die mens laat glo dat dit God sal wees wat hulle uiteindelik met die helse vuur sal teister. Die mense op die planeet aarde sal paniekerig alles moontlik doen om die toorn van God, soos hulle dit waarneem, te bevredig. Sal hulle wêreldwye godsdienstige gelykvormigheid afdwing? Hoekom nie. Stem vir die Pous? Verseker. Enigiets! Net om God gelukkig te hou.

Ons wat ons verlustig in die wet van God, word dalk nou daarvan beskuldig dat ons wetties is, maar wanneer die plae begin val, sal ons sien wie regtig wetties is.



## Storietyd: Agab en Isébel

Daar was eens ’n koning met die naam Agab wat ’n wingerd gesteel het en die uitgesette eienaar deur die verraad van sy vrou en priesteres, Isébel, laat vermoor het. Daar het u dit: ’n voorskou van die wêreld se laaste groot stryd. Die staatsmag laat die kerk toe om sy moorddadige planne met die toestemming en ondersteuning van die staat uit te voer. Net soos Agab en Isébel sal beide kerk en staat vergaan.

God het nie Agab of Isébel laat teregstel nie. Hy het nie nodig gehad nie. Hulle is albei aan die hand van hul vyande vernietig toe die beskermende hand van God se genade verdryf is. God het die sondaar nooit minder lief nie. Ongelukkig moet Hy onwillig wegdraai te midde van opstandige, hardnekkigge verwerping. Hy laat die verwerpers oor aan hul eie natuurlike gevolge.

> Die *bedwang* [beperking] wat die goddelose weerhou het, is nou opgehef en Satan het volkome beheer oor die verharde

> onboetvaardiges. …die Gees van God, wat hulle so hardnekkig weerstaan het, is eindelik *onttrek*. Sonder die beskerming van goddelike genade, is daar vir hulle geen *beskerming* teen die bose nie. Satan sal nou die aardbewoners in die laaste groot stryd dompel. Namate die engele van God die woeste winde van menslike drifte *los*, sal al die elemente van stryd *vry woed*.[40]

God sê, "Ek sal die koningstrone omverwerp ... die perde en hulle ruiters sal val." Hoe? "Die een deur die swaard van die ander."[41]

Onthou u die keer toe die Ammoniete, die Moabiete en die Edomiete (van die Seïrgebergte) teen Juda saamgesnoer het? Koning Josafat het gesê, "Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die HERE... die kinders van Ammon en Moab het naamlik opgetree teen die inwoners van die gebergte Seïr om uit te roei en te verdelg; en toe hulle met die inwoners van Seïr klaar was, *het hulle mekaar in die verderf gehelp*... en niemand het vrygeraak nie."[42]

"Die heidene het gesink in die kuil wat hulle gemaak het; hulle voet is gevang in die net wat hulle gespan het. Die HERE het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen; die goddelose is verstrik in die werk van sy hande."[43]

## Storietyd: Haman Word Gehang

Daar was eens 'n man met die naam Haman, 'n Amalekiet wat in die land Persië gewoon het, 'n man aan die koninklike hof. Hy het 'n sekere Jood met die naam Mórdegai gehaat. Mórdegai was toevallig die oom van 'n baie mooi, pragtige, beeldskone jong dame met die naam Ester.

Wel, deur die voorsienigheid van God het Ester die Mejuffrou Persië Skoonheidskompetisie gewen en koningin van die land geword. Intussen het Mórdegai die koning van 'n politieke staatsgreep gered en is hy deur sy majesteit Ahasvéros met volle koninklike eerbewyse en 'n konfettiparade erken.

Dit het Haman baie, baie jaloers gemaak, asook gegrief, prikkelbaar en sommer net eenvoudig boos. Hy het uiteindelik so woedend geword, dat hy 'n slim plan uitgedink het om die Koning 'n wet te laat onderteken wat die uitwissing van elke Jood in die koninkryk sou waarborg. Die wetsontwerp was natuurlik so bewoord dat dit 'n saak van nasionale veiligheid blyk te wees, maar daar in die kleinskrif onderaan die bladsy was Haman se ware motiewe. Dit het gelyk of sy meesterplan byna vir finale uitvoering gereed was!

By die huis het Mev. Haman en al sy vriende aangemoedig: “Maak ’n galg van 25 meter hoog net vir hom, sodat almal kan sien hoe hy daar bo aan sy nek swaai!” Dit is presies wat hy gedoen het.

Wel, Haman was maar dom toe hy dit gedoen het. Die hele plan het skeefgeloop, want toe Mórdegai dit hoor, het hy die nuus aan Ester uitgelek, wie aan die koning vertel het, wie so woedend was dat hy Haman aan die galg, wat hy vir Mórdegai laat bou het, laat hang het.



“Wie ‘n kuil grawe, sal daarin val; en hy wat ‘n klip rol, dit sal na hom terugkom.”[44]

## Storietyd: Daniël se Leeukuil

Daar was eens ’n eersteminister van Babilon, ’n Jood met die naam Daniël. Hy het integriteit, wysheid en lojaliteit getoon aan vier verskillende monarge oor twee opeenvolgende wêreldryke. Ongelukkig was sekere ander regeringsaanstellings uiters jaloers op Daniël, ’n lid van ’n etniese minderheidsgroep. Hulle was vasbeslote om van hom ontslae te raak.

Eerstens het hulle probeer om elke verkeerde stap en elke greintjie onreëlmatigheid in Daniël se lewe vorendag te bring om sy reputasie te vernietig en hom in diskrediet by die Koning te bring. Nogtans kon hulle niks vind nie. Daar was niks wat nie pluis was nie. Silwerskoon. Geen toesmeerdery nie. Geen pretmakery nie. Totaal en al niks. Zero.

Dus het hulle besluit dat die enigste manier waarop hulle hierdie man sou kon vaskeer, was om hom vals te beskuldig. Hulle het die Koning bedrieg om ’n onskuldige klein wetgewing uit te vaardig wat homself

in werklikheid “God van die Maand” sou maak. “Dink net, u Majesteit, elke man, vrou en kind sal u ’n hele maand lank elke dag prys en aanbid! En o ja, wel, natuurlik, indien enigiemand dit selfs waag om u Grootheid te beledig deur u nie as hul god te erken nie, wel, dan sou hulle die strenge gevolge daarvan verdien – ja, hulle sal vir die leeus gegooi word!”

Wel, Darius, gevlei deur die gedagte aan al die aandag, het die Wet van die Mede en die Perse “wat onherroeplik is” onderteken.

Intussen volhou Daniël sy lewenslange gewoonte van oggendgodsdiens en gebed tot Jehovah. Sy vyande, wat hom bespied het, het sy blatante misdaad vinnig aan die Koning gerapporteer. Hulle het *hom* herinner dat hierdie ondermynende gedrag ’n verraderlike oortreding van *sy* wet is, die wet wat *hy onderteken* het, en dat Daniël nou vir die leeus gegooi *moet* word!

Arme Darius kon daardie nag nie slaap nie! Hy is wreedaardig mislei om sy betroubare vriend Daniël in die hand van die noodlot te verraai. Maar nee, Daniël is in die hand van God! Vroeg die volgende oggend, toe die koning hom vanuit die opening van die kuil roep, antwoord Daniël hom. “Die God wat ek liefhet en vertrou, het my beskerm, o Koning.”



Daarna was dit die ander ouens se beurt om die katte in die gesig te staar. Die Bybel vertel ons dat elke been gebreek is voordat hulle die grond getref het.

"Die onheil wat hy gestig het, keer op sy hoof terug, en sy geweld kom op sy skedel neer."[45]

# Die Finale Kragmeting:

## Die kwaaddoeners tree na vore

Net soos Esau sy bemanning teen sy jonger broer Jakob opgeroep het, net so sal Satan aan die einde van die tye, na duisend jaar van nadenke, die miljarde van oor die hele geskiedenis teen die heiliges in die Stad bymekaarbring. Hulle aanval word onderbreek deur die verskyning van Jesus. Dit is dan wanneer "die heerlikheid van die HERE geopenbaar [sal] word, en alle vlees tesame sal dit sien."[46] Hulle wat gedurende hul hele lewe geweier het om deur die brandende liefde van God verwarm te word, is nou toeskouers van 'n groot, reusagtige panoramiese vertoning van God se allesomvattende pogings deur die eeue heen, om hulle te red.[78] Hulle sien Sy hart van liefde – 'n liefde wat alles bedek, alles glo, alles hoop, alles verdra.[47]

Hulle sien hoe Hy by al die ouer broers gepleit het en Sy deurboorde hand uitsteek: "laat hy hom tot die HERE bekeer, ...want Ek vergeef menigvuldiglik.[48] Is My hand werklik te kort om te verlos?[49] Daarom kan Ek ook volkome red die wat deur My tot God gaan.[50] Ek is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou.[51] Ek wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.[52] So waar as Ek leef...Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?"[53] Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie![76]

Hulle het Sy liefde verwerp en nou staan hulle buite. "U hand sal al u vyande vind; u regterhand [daardie deurboorde hand] sal u haters vind. U sal hulle maak soos 'n *vurige* oond ... die *vuur* sal hulle verteer... want hulle het U met onheil bedreig; hulle het 'n listige plan uitgedink sonder om iets uit te rig."[54] Hulle "bedink nietige dinge."[77]

## 'n Vuur vir Judas

Jesus het Sy hand van liefde uitgestrek na Judas in 'n poging om hom terug te trek van die afgrond van ewige duisternis. Hy het aan die laaste

etenstafel saggies oorgeleuen na hom met ’n stukkie natgemaakte brood en in sy oor gefluister: “Dit is die een aan wie Ek die stukkie sal gee.” (Joh.13:26) Niemand anders het dit gehoor nie. Hoe bedagsaam! Hoe genadig was ons Here Wie binnekort verraai sou word.

Ongelukkig het Judas dit geweier. Dit was sy eie keuse om van binne te brand met intense skuldgevoelens, hartseer en selfhaat, totdat hy dit nie langer kon verduur nie en hy homself opgehang het. Judas het die vuur van Christus se sielsreinigende liefde vir die vuur van skuld en ewige berou verruil.

“As jou vyand honger het, gee hom brood om te eet; en as hy dors het, gee hom water om te drink, want jy hoop gloeiende kole op sy hoof.”[55]

## Die vuur van God

Salomo vertel ons dat God se Liefdevolle Toorn “is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is ’n gloed van *vuur*, ’n vlam van die HERE. Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie.”[56]

Dit is die toorn van die Here wat Hy aansteek – die vuur van liefde wat nooit geblus word nie. Jesus het gesê, “Ek het gekom om *vuur* op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was!”[57] Is dit nie wat Kléopas gesê het nie? “Was ons hart nie *brandende* in ons toe Hy met ons op die pad gepraat het nie?”[58] Hulle is blootgestel aan die brandende liefde van Jesus. God se liefde is ’n verterende vuur.

**Dit is God se bedoeling dat ons deur Sy liefde verwarm word;**
**Dit is nie Sy bedoeling dat ons onsself vernietig**
**<u>wanneer ons probeer om daarvan te vlug nie.</u>**



Jeremia stel dit so: “dan word dit [Sy Woord] in my hart soos ‘n *brandende vuur*, opgesluit in my gebeente.”[59] Die vuur van Jesus se liefde werk op twee verskillende maniere. Dit sal jou hart soos was smelt, of dit kliphard bak. Dit sal óf in jou hart brand om jou lewe te gee, óf dit sal in jou lewe brand om jou die dood te bring. Jesus het gesê, “Elkeen wat op dié steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.”[60]

Dit is God se begeerte dat ons deur Sy liefde versmelt sal word; dit is *nie* Sy bedoeling dat ons onsself vernietig wanneer ons probeer om daarvan weg te vlug nie, maar omdat die mens Sy brandende liefde vir hulle sal verwerp, sal hulle hul eie brandende haat oes. Die “aangename geur van Christus” sal vir diegene wat gered word ’n “reuk van die lewe tot die lewe” wees, maar dieselfde liefde sal vir “die wat verlore gaan...’n reuk van die dood tot die dood” wees.[61]

## Daar sal gekners van die tande wees

> Waar Satan sy koninkryk aanskou, die vrugte van sy werk, sien hy alleenlik mislukking en puin. Hy het die skares daartoe gebring om te glo dat dit maklik sou wees om die stad van God in te neem; maar hy weet dat dit bedrog is.... Die opstandige gees, bars nou uit, soos ‘n magtige stroom. Vervul met woede... haas hy hom na sy onderdane, en hy probeer om hulle aan te vuur met sy eie woede vir ’n laaste wanhopige poging teen die koning van die hemel, en om hulle op te wek om dadelik die stryd te begin. Maar onder die ontelbare miljoene wat hy tot rebellie verlei het, is daar nou nie een wat sy oppergesag erken nie. Sy mag is op ’n einde. Die goddelose is met dieselfde haat teen God vervul wat Satan besiel; maar hulle sien dat hulle saak hopeloos is... Hulle woede is nou opgewek teen Satan en sy werktuie in die bedrog, en met die woede van demone val hulle hulle aan... Die gevolg is ’n toneel van *universele stryd*.[62]

Toe haat en woede in die mense teen Stefanus opgevlam het om hom te stenig, het hulle “op die tande gekners.”[63] Daar sal weer ’n gekners van die tande wees wanneer hulle met brandende haat en woede teen mekaar draai, teen dié wat hulle mislei het. “Sy horing [Sy trofee van heiliges] word verhoog in eer. Die goddelose sien dit en is vererg; hy kners met sy tande en smelt weg.”[64]

“Ja, hulle het hul hart gemaak soos ’n oond.”[65] “Die goddeloosheid *brand soos vuur*... die een spaar die ander nie.”[66] “Die swaard van die een sal teen die ander wees.”[67] “... En in dié dag sal ‘n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander.”[68]

## Wie woon by ’n ewige gloed?



In Openbaring sien ons vuur uit die hemel neerdaal en om die goddelose te vernietig.[69] Daar word aan ons vertel dat die beloning van die goddelose die ewige vuur is. Jesaja vra egter die vraag: “Wie van ons kan woon by ’n verterende vuur… by ’n ewige gloed?”[70] Die antwoord word gegee: “Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is…” Dit is die heiliges wat in ewige vuur sal woon, binne die ewige vuur van God se liefde. Waar is dit? In die teenwoordigheid van God self.

Onse God is ’n verterende vuur – wat sonde verteer,[71] maar vir diegene wat Sy Gees in hul eie lewens ontvang, wat gedoop word met Sy vuur, wat net soos Hy word – dit is die vuur van liefde wat hulle lewe gee. Daniël se drie vriende is in die vuur gegooi en dit het hulle nie gebrand nie. Waarom? Jesus, die *ware* Vuur, was daar saam met hulle; daarom kon hulle nie gebrand word nie. Hulle het soos die Vuur geword, net soos die engele, want “van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers ... vuurvlamme [maak]”[72] “…ons weet dat ons… aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.”
1 Johannes 3:2.

Wanneer die verlostes op "die see van glas, gemeng met vuur" sal staan, sal die verlorenes van alle eeue in 'n poel van dieselfde vuur gedompel word totdat hulle verteer is.



**Sonde is 'n dodelike gif.**
**Dit maak sonder uitsondering dood.**

## Grawe Sy Eie Graf

Satan het hulle geleer hoe om te haat, hoe om moord te pleeg en hoe om te vernietig. Nou het hy sy eie graf gegrawe. "Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god, ... bring Ek vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig. In die kuil sal hulle jou laat neerdaal."[73] Wie het die bodemlose put gegrawe? Satan, en hy sal self daarin val.

Uiteindelik sal die ganse heelal met sekerheid weet dat sonde 'n dodelike gif is. Dit maak sonder uitsondering dood. Daar is nie een ding wat Jesus of Sy Vader vir enigiemand kan doen omtrent die fatale skeiding wat die gevolg van sonde is nie.

## Die Loon van die Sonde

Ons weet almal dat werkers slegs betaal word deur die werkgewer vir wie hulle werk. Nie die meester van sonde of die meester van geregtigheid sal die loon betaal wat deur die ander verdien word nie. Satan beloon niemand met die ewige lewe, die gawe van God, nie; die enigste geldeenheid waarmee hy vertroud is, is die dood, die loon van die sonde. Net so betaal die Here nooit die loon van die sonde nie; Hy is die verskaffer van lewe; dit is die enigste handelsware wat Hy verskaf.

## 'n Laaste Desperate Boodskap

Ons leef in die tyd van die derde engel se boodskap, van Openbaring 14. Die boodskap klink miskien heftig en gewelddadig,

maar onthou, “ons hemelse Vader sal eersdaag die verlies van groot getalle van Sy kinders aanskou. Vir oulaas verhef Hy Sy stem. Hy – die Genadige Een, die Een wat baie eerder mooi met ons sal praat oor die waarheid – verhef Sy stem in 'n laaste kragdadige waarskuwing en uitroep, ‘As julle vasbeslote is om My te verlaat, sal Ek julle moet laat gaan, maar as Ek julle oorgee, sal julle vernietig word!’ ” “Die duiwel wil hê dat ons hierdie boodskap verkeerd verstaan as die woorde van ’n vertoornde god, maar dit is die hartverskeurende woorde van ’n valslik beskuldigde, welwillende Skepper wat verwerp word.”[74]

“Ag, hoe kan Ek jou prysgee?
Hoe kan Ek jou laat vaar?
Ek kan dit nie oor my hart kry nie.
My liefde brand te sterk!”[75]

## Die Uitroep van God

Dawid het die hart van God verstaan toe sy eie seun teen hom in opstand gekom het en as gevolg daarvan in die stryd gedood is. Hy het uitgeroep, “My seun Absalom! Absalom, my seun, my seun. Was dit maar ek wat gesterf het...”[76] Dit is die uitroep van God.

“Daar is verklarings omtrent die dood van Christus en van Sy voorbidding ten behoewe van ons, wat God [die Vader] in ’n ongunstige lig stel,” wat Hom uitbeeld as Iemand baie “minder barmhartig en simpatiek as Sy Seun. Onderwerpe soos sonde, die wet en die vernietiging van die goddelose... word soms op so ’n manier voorgestel wat aan mense ’n prentjie van God skilder wat lyk net soos Satan dit sou wou gehad het.”[74]

Meer as enigiets anders behoort die kinders van God bekend te wees vir hulle effektiewe getuienis van die Goeie Nuus oor God. Ons begeer om onder God se getroue volk getel te word, maar indien ons in ons gretigheid om gehoorsaam te wees die indruk laat dat ons ’n wettiese god aanbid, dan is ons nie goeie getuies van die Goeie Nuus nie.

Geen groter voorreg en eer kan ons toekom as om met die Goeie Nuus, dat God die sondaar nooit minder liefhet nie, toevertrou te word. Die tyd het sekerlik aangebreek dat die vriende van God, wat met jaloesie waghou oor God se reputasie, oral met trots en oortuiging moet praat omtrent dit wat ons glo oor *God se Barmhartige Toorn*.

*Juis in hierdie tyd moet 'n boodskap van God verkondig word, 'n boodskap van liggewende invloed en reddende krag. Die laaste strale van die lig van genade, die laaste genadeboodskap wat aan die wêreld gegee moet word, is 'n openbaring van Sy liefdevolle karakter.* Die Meester se Onsterflike Rede, bl. 415

**Verwysings:**

1 Romeine 11:33
2 Job 11:7
3 Jesaja 55:8
4 1 Johannes 2:1,2
5 2 Korinthiërs 5:21
6 Vertaal uit *Patriarchs and Prophets*, E.G. White p. 728
7 Lukas 15
8 *Koning van die Eeue*, E.G.White bl. 611
9 Handelinge 13:46
10 Maxwell, Graham: *Can God Be Trusted?* PPPA, 1977
11 Koning van die Eeue 480
12 Filippense 2:7
13 Psalm 50:19,21
14 Patriarge en Profete P.241
15 Patriarge en Profete 390
16 1 Korintiërs10:10
17 Opvoeding bl. 247
18 *Groot Stryd*, E.G.White p. 27
19 Koning van die Eeue bl. 785
20 Romeine 1.
Wanneer die goddelose die keuse maak om God se waarskuwings te verag, *gee Hy hulle oor* aan onreinheid (vers 24), *Hy gee hulle oor* aan skandelike hartstogte (vers 26) en *Hy gee hulle oor* aan 'n slegte gesindheid (vers 28). Dit is God se vreemde werk of ongehoorde daad van Jes. 28:21, wat sê God sal "Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon." In beide hierdie gebeure, opgeteken in 2 Sam.5:17-20 en Josh.10:10,11, is die vyande van God oorweldig deur natuurkragte: deur vloed en haelstorm.
21 Groot Stryd 39
22 Groot Stryd 601
23 Númeri 12
24 Groot Stryd 733
25 Openbaring 20:6
26 Vertaal na Afrikaans uit *Testimonies* Vol. 2, p. 209
27 Vertaal uit SDA Bible Commentary 5:1124
28 Koning van die Eeue 702
29 Matthéüs 27:46
30 Jesaja 53:10
31 SDABC 4:267 Opmerking oor Jes. 45:7 'Ek is die HERE wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.'
32 Vertaal uit Testimonies 5:137
33 Patriarge en Profete 165
34 Lukas 9:54
35 Job 1:16
36 2 Konings 1
37 1 Konings 19:12
38 Vertaal uit Review and Herald, 17 Sept. 1901
39 Groot Stryd 664-665
40 Groot Stryd 694, Sien ook Education p. 179, SDABC 3:642
41 Haggai 2:22
42 2 Kronieke 20:17,23, 24
43 Psalm 9:16,17
44 Spreuke 26:27
45 Psalm 7:17
46 Jesaja 40:5
47 1 Korintiërs 13:7,8
48 Jesaja 55:7
49 Jesaja 50:2
50 Hebreërs 7:25
51 Exodus 34:6
52 2 Petrus 3:9
53 Eségiël 33:11
54 Psalm 21:9,10,12
55 Spreuke 25:21,22
56 Hooglied van Solomon 8:6,7
57 Lukas 12:49
58 Lukas 24:31,32


59 Jeremia 20:9
60 Lukas 20:18
61 2 Korintiërs 2:15,16
62 GS 753,755; Vertaal uit *Story of Redemption* p. 428
63 Handelinge 7:54
64 Psalm 112:9,10
65 Hoséa 7:6
66 Jesaja 9:17,18
67 Eségiël 38:21
68 Sagaría 14:13
69 Openbaring 20:9
70 Jesaja 33:14
71 Hebreërs 12:29; Deuteronómium 4:24
72 Hebreërs 1:7; Psalm 104:4
73 Eségiël 28:6-8
74 Vertaal uit Maxwell, Graham, Ibid.
75 Hoséa 11:8
76 Matthéüs 23:37
77 Psalm 2:1
78 Groot Stryd bl. 749

Talking Rock Sabbath Chapel Books
PO Box 39
Talking Rock, GA 30175
706.406-1945
www.trsc.today

Maranatha Media Books
www.maranathamedia.com
www.maranathamedia.co.za


## Ander boeke beskikbaar op vadervanliefde.com

### Agape





Bestudeer die Bybelse bewyse dat die God van die Ou Testament dieselfde is as die God wat Jesus in die Nuwe Testament geopenbaar het. Die boek bevat ‘n volledige en stelselmatige ondersoek na die feite. Dit verskaf ‘n direkte manier wat nog nie voorheen oorweeg is nie, om die verhale van die Bybel te verklaar. Met meer as 300 bladsye word hierdie boek ernstig aanbeveel vir die leser wat werklik op soek is na antwoorde. 'n Fantastiese vervolg op hierdie boekie wat u in u hande hou.

### Oorspronklike Liefde




Die huwelik is ‘n instelling wat onder ernstige bedreiging staan. Hoekom is daar so baie negatiewe ondervindings binne huwelike en verhoudings in die algemeen? *Oorspronklike Liefde* kyk na die oorspronklike verhouding wat in die Bybel beskryf word om te sien wat ons kan leer om ons eie verhoudings te verbeter en te verryk. 42 bladsye propvol belangrike beginsels vir ‘n springlewendige huwelik.

### Identitietsoorlog




*Identiteitsoorlog* is ‘n reis na selfontdekking. Dit is ‘n uitnodiging om jou waarde binne ‘n ware verhoudings-konteks te leer ken. Hierdie boek sit die beginsels uiteen wat u sal help om die prestasiegedrewe ingesteldheid van hierdie wêreld te ontsnap en vryheid in u belangrikste verhoudings te vind.

## Wat sê die Bybel omtrent die toorn van God?

Is dit soos ons s’n? Word God verskriklik kwaad? Hoe kan God ’n liefdevolle God wees en steeds die goddelose met vuur vernietig?

Hierdie vrae, en andere, word in hierdie boekie, wat ’n aantreklike beeld van ons hemelse Vader aanbied, noukeurig beantwoord.

Jesus het ons die hemelse Vader kom wys. Hy is die volmaakte beeld van God. Raak verlief op die Skepper Wie die sondaar nooit minder liefhet nie.

